Algemene Kommunikasie:

Beste Aandeelhouer

Gedurende die onlangse Algemene Jaarvergadering van 19 Julie 2011 is Mnre. JM Bredenkamp, WSB du Toit en JJA Smith herkies tot die Direksie vir ’n verdere 3 jaar termyn.

Die dividend van 13 sent per aandeel, betaalbaar op 02 September 2011, is goedgekeur asook die ander algemene besluite soos in die agenda aangedui.

Ernst Janovsky, Hoof van ABSA Agri-besigheid, het die ekonomiese omgewing en geleenthede bespreek en gedurende sy toespraak die positiewe aspekte van Landbou en grond eienaarskap uitgelig. Die vooruitskouing van veral vleispryse is positief en die verwagting is dat grondpryse teen tussen 10% en 12% per jaar kan styg. Hy het wel gewaarsku dat 60% van die wêreld-ekonomieë (Europa, VSA en Japan) tans groot probleme ervaar.

Gedurende ’n konstitueringsvergadering is die KLK Raad as volg saamgestel;

- JS Marais – eenparig as Voorsitter
- JPN Stander – eenparig as Vise Voorsitter
- W Edmayr en A Human – vir ’n volgende termyn tot die Raad van Direkteure gekoöpteer.

Die Sub-komitees is as volg saamgestel;

nl. -
- Uitvoerende Komitee
  - JS Marais
  - JPN Stander
  - SD van Huyssteen

- Ouditkomitee (sluit risiko komitee in)
  - JM Bredenkamp
  - WSB du Toit
  - JPN Stander
  - JA van Zyl

- Vergoedingskomitee
  - JM Bredenkamp
  - JS Marais
  - JPN Stander
  - FJ van der Merwe
  - SD van Huyssteen

Hierna is ’n direksievergadering gehou en behalwe vir algemene sake is ’n komitee uit die Direksie saamgestel, om moontlike samewerking tussen KLK en BKB te ondersoek en voorstelle aan die Raad voor te hou, vir oorweging.

KLK - Raadsaal Groete